



## In hierdie uitgawe...

### Kerknuus:

Beroepenuus

Nuus oor predikante

Bedieningsnuus

Advertensies en kennisgewings

Sinodaal

# eHervorme

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

## Kerknuus

### BEROEPENUUS

#### Beroep ontvang

**Ds André Swanepoel** van Primrose-Oos na Vanderbijlpark-Suid.



### NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Dirk van Rooyen** en sy vrou word op Sondag 7 September deur Gemeente Carletonville ontvang. Hy word by die geleentheid ook in sy amp bevestig en lewer daarna sy intrepreek. Die gemeente is reeds geruime tyd vakant. Ds Van Rooyen was voorheen predikant van Gemeente Krugersdorp-Wes.

► **Ds Mariaan Delport**, eggenote van ds Hein Delport, word op Sondag 7 September as deeltydse predikant van Gemeente Krugersdorp ontvang en deur haar man, die voltydse predikant van die gemeente, in die amp bevestig. Sy lewer daarna haar intrepreek. Hulle het ook as egpaar saam gewerk in Gemeente Magaliesburg.

► **Dr Gert Malan** van Mosselbaai het pas teruggekeer van 'n suksesvolle besoek aan lidmate in Paraguay. Hy het onderneem om in *Konteks* meer oor sy besoek mee te deel en oor die omstandighede van lidmate daar. Hy volstaan met sy opvatting dat dit noodsaaklik is om die lidmate minstens een keer per jaar te besoek.

► **Ds Jan Schroeder**, emerituspredikant, het sy heupbeen gebreek toe 'n bees hom in die beeskraal onderstebo geloop het. Hy is tans in die Wilgershospitaal waar hy 'n heupvervanging sal ondergaan. Ds Schroeder het vroeër vanjaar sy 50ste ampsjubileum gevier.

► **Dr Willem Smith**, voormalige predikant van Gemeente Benoryn, is steeds beskikbaar vir preekgeleenthede, beradings en werkwinkelgeleenthede in trauma, verlies en rouSMART. Hy kan gekontak word by tel 082 778 7360.

### Kontakbesonderhede:

#### Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Hervormer webwerf -

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer -

[www.hervormer.co.za/page03.html](http://www.hervormer.co.za/page03.html)

Hervormer LIG! -

[www.hervormer.co.za/page04.html](http://www.hervormer.co.za/page04.html)

#### E-posadresse:

Redaksie -

[epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)

Nuus en berigte -

[nuus@hervormer.co.za](mailto:nuus@hervormer.co.za)

#### Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.

Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

**Die Kerknuus word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.**

### Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na [epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za) of besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die 'Teken in'-opsie.



► **Prop Hendrik Breytenbach**, wat tans besig is met verdere studies in Duitsland, het al sy voorstudies in Hebreeus, Grieks en Latyn met lof geslaag. Die voorstudies is 'n vereiste om met sy doktors studies te kan begin. Prop Breytenbach is tans die enigste kandidaat wat met voltydse studie in die buiteland besig is. Die Kerk bid hom sterkte toe.

► 'n Baie groot eer het **ds Kálmán Papp (sr)**, emerituspredikant van Krugersdorp, verlede week te beurt geval. Hy is deur die Rektor van die Hervormde Teologiese Akademie van Sárospatak in Hongarye, waar die meeste van sy predikantevoorouers studeer het, in kennis gestel dat die Senaat van die Akademie besluit het om die titel *professor honoris causa* aan hom toe te ken. Hy is genooi om die toekenning op Sondag 14 September tydens die amptelike opening van die Akademie persoonlik in ontvangs te kom neem, of om iemand uit die familie aan te wys om dit namens hom te doen. Ds Papp, wat op 2 Mei vanjaar 84 jaar oud geword het, het die uitnodiging aanvaar en besluit om self na Hongarye te gaan om die toekenning in ontvangs te neem. Sy oudste seun, ds Kálmán Papp (jr) van Nigel, vergesel hom op sy reis. Hulle vertrek eerskomende Dinsdag na Hongarye en keer weer op 18 September terug na Suid-Afrika.

### ► **Predikantevergadering 2008**

Alle predikante, emeriti en professore word uitgenooi na die jaarlikse Predikantevergadering:

Datum: 17 September 2008 vanaf 08:00

Plek: Kerkgebou van Gemeente Swartkop, Irelandlaanverlenging, Eldoraigne

Tema: Span jou seile en pak die storm

Koste: R70 per persoon (ete ingesluit)

Gemeenteleiers mag die vergadering ook bywoon. Verskonings moet skriftelik aan die sekretaris van die Predikantevergadering, ds Johan Bester, gestuur word.

## BEDIENINGSNUUS


■ 'n Leidinggewende lidmaat van Gemeente Gaborone, mnr Hennie Loubscher, en sy gesin was onlangs in 'n ernstige motorongeluk net buite Lichtenburg betrokke. Mev Leana Loubscher is in die ongeluk oorlede en Hennie en sy seun het ernstige beserings opgedoen. Meelewing word met die gesin betuig. Hulle was sedert die ontstaan van die gemeente aktief betrokke, en Hennie was nog die week van die ongeluk deel van die afvaardiging van Gemeente Gaborone wat met die Moderamen in gesprek getree het.

■ In die **ring van Brakpan** word tans strategiese beplanning gedoen onder leiding van die ringskommissie. Gemeentes wat veral by die beplanning betrokke is, is Benoryn, Springs en Zesfontein. Benoryn is vakant, wat die beplanning moontlik en sinvol maak.

### ■ **Weltevreden vier fees en neem afskeid**

Gemeente Weltevreden (Roodepoort) vier op Sondag 9 November 2008 haar 25-jarige bestaan. By dieselfde geleentheid neem die gemeente ook afskeid van dr Wouter van Wyk, wat die sinodale benoeming as Sekretaris vir SENTIK aanvaar het. Dr Van Wyk was die afgelope 16 jaar deelyds predikant van die gemeente.

Die verrigtinge begin om 11:00 met dr Van Wyk se afskeidspreek en die gemeente se Nagmaalviering saam met die ander predikante van die gemeente, dr Johann Beukes en ds Elsie Pretorius, en 'n vorige predikant van die gemeente, dr Kobus van Biljon. Na afloop van die erediens hou die gemeente saam spitbraai op die terrein. Oudlidmate en ander belangstellendes word genooi om die geleentheid by te woon, maar moet asseblief nou reeds met diaken Ria J van Rensburg kontak maak, omdat die gemeente moet weet vir hoeveel gaste hulle moet gereedmaak. Ria se kontaknommers is 011 679 3830 en 083 302 0858.



## ■ Nuus vanuit Zimbabwe

Ds Deon du Toit se besoek aan Bulawayo het goed afgeloop. Daar is Nagmaal bedien tydens die oggendediens. Hy was vergesel van sy pa, Dan du Toit, 'n lidmaat van Gemeente Verwoerdburg.

Ds Peet Swanepoel, wat besoek in Harare afgelê het, het met sy terugkeer probleme met die Kombi ervaar. Dit het meegebring dat hy ietwat langer moes vertoef. Nadat die Kombi herstel is, kon hulle gelukkig veilig verder ry.

'n Paar sinne uit 'n brief van Rinus Grau aan lidmate wat tans in die Republiek bly nadat hulle Zimbabwe verlaat het, sê iets van die dankbaarheid van die lidmate vir die ondersteuning wat van gemeentes uit die Republiek ontvang word:

*We plod along as things become scarcer and scarcer on the shelves, with what there is being (very) expensive. I received notification from the pension office that, given the amounts involved, they will in future post cheques on a monthly basis. I've just received the cheque for June, which after revaluation (10 noughts off) leaves your dad with a pension of 11 cents per month. I will bank it when next at Westgate - haven't been there for ages as there's nothing there!*

*All the family is well here and, surprisingly, thriving under very difficult circumstances. It would be impossible for the majority of our members to survive without the assistance they receive out of South Africa. The response to Dr Fanie's efforts to secure donors etc has been phenomenal. We would, all, be a lot worse off without the effort he puts into assisting Zimbabwe.*

## Advertensies en kennisgewings

### ● DIEPSEE HENGELVAKANSIE IN 'TOFO' MOSAMBIEK

4 persone 7 dae, die volgende ingesluit:

Vervoer vanaf Koster/Pretoria na Tofo en weer terug, etes, verblyf, boot en stokke vir hengel.

Datum aanpasbaar by die wenner. Bring sakgeld en paspoort. Kaartjies slegs R50.

Trekking 6 September 2008.

Aangebied deur Gemeente Koster


Kontak: Koos Vorster 072 403 2518

Martin Vorster 082 874 7642

Prys ter waarde van ongeveer R30 000!!!!

### ● Gemeente Witfontein (Pretoria-Noord) bied op 6 September 2008 Delwersfees 2008 aan op die kerkerrein (hv Stasie- en Deetlefsstraat in Pretoria-Noord).

Hierdie jaarlikse fees fokus op die gedelf na kontantskatte van R10 000, R5 000, R2 500 en 'n hele klompie troospryse van R500. Delwersertifikate is vooraf beskikbaar teen R20 stuk by ds Jimmy Manders (083 254 4771) of kan op die dag van die basaar aangeskaf word voor 13:00, wanneer die delwerye sal sluit.



Terwyl gedelf word, is daar baie vermaak vir oud en jonk. Leon Ferreira, bekende gospelsanger, tree op om 10:00. Vir dié wat baie honger is, is daar 'n knewel van 'n Delwersontbyt, met die tradisionele kaiings en pap gekombineer met baie ander ontbythappies. Alles wat op 'n basaar te vinde is: vleiswinkope, witolifantverkopings, speelgoedtafel, koeke en terte, poeding, groente, skyfskiet, blaaspyp en nog baie meer.

Daar vind 'n toutrekkompetisie plaas om 09:00. Reëls vir spanne van 8 wat wil inskryf, is ook verkrygbaar by ds Jimmy Manders. Daar is 8 verskillende kategorieë en spanne moet bestaan uit 8 lede. Wenners in elke kategorie kan vir hulleself delwersertifikate lostrek ter waarde van R800, dus R100 se sertifikate per deelnemer. Dit kan jou in staat stel om dalk die groot prys van R10 000 raak te delf. Kategorieë is Laerskoolseuns, Laerskooldogters, Hoërskoolseuns, Hoërskooldogters, Jongmanne (19 tot 39 jaar), Jongdames (19 tot 39 jaar), Outoppies (40 jaar en ouer) en die Outannies (40 jaar en ouer).

Hierdie is 'n basaar in die stad wat jy nie durf misloop nie. Vir meer inligting kontak Ferdie Lubbe (082 552 3944) of Dries Joubert (082 5812142).

#### ● **Gemeente Theresapark 25 jaar outydse Feesbasaar 5 & 6 September**

h/v Springbokstraat & Crocodileweg, Theresapark.

Wen 'n vakansie van R10 000. Prystrekking Saterdag 12:00.

##### **Vrydag 5 September 16:00**

- Smullekker kos
- Boereorkes
- Antieke uitstalling
- Boeresport

##### **Saterdag 6 September 07:30**

- Pretloop – 3 km – 07:30
- Kerkbasaar
- Uitstalling
- Afval

Navrae : 012 542 1321/012 542 3568

#### ● **LOSLITDAG 5 SEPTEMBER 2008**

Die organiseerders van Loslitdag herinner almal om 'n plakker te koop vir Loslitdag, wat vanjaar op Vrydag 5 September gevier word. Trek gemaklik aan, dra u plakker, en wys so dat u omgee vir mense met gestremdhede. Koop u plakker by enige tak van ABSA of Game, of skakel mej Karin du Toit van Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644.




#### ● **VAKANTE POS: ORRELIS**

Gemeente Pretoria-Tuine benodig die dienste van 'n orrelis wat vir die volgende verantwoordelik sal wees:

- Begeleiding tydens oggenddienste
- Begeleiding tydens aanddienste (Januarie-Mei en Augustus-September)
- Afrigting van 'n sanggroep

Vergoeding teen voorgestelde skale. Aanvaarding so gou moontlik.

Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of [andre.botma@telkomsa.net](mailto:andre.botma@telkomsa.net)



### • Sonheuwel-skool sê dankie

Maandag 25 Augustus 2008 was 'n opwindende dag vir die kinders van Sonheuwel-skool. 'n Helikopter het hulle kom oplaai en hulle kon die wêreld vanuit 'n ander hoek beskou! Borge het dit vir die kinders moontlik gemaak om hulle ervaringswêreld te verbreed, en die hoop is dat dit sal bydra tot hulle opvoeding en die vestiging van 'n visie wat verder strek as hulle huidige omstandighede. Ook dat hierdie geleentheid die hele gemeenskap sal help om hulle oë op te lig van waar hulle nou is na iets en iemand beter.



Die outjies het een vir een in die helikopter ingeklim en veiligheids gordels vasgemaak en nagegaan. Die skroef begin draai en dit is een groot geraas. Outjies sukkel om die propies in hulle ore in te druk, maar hulle skree en raas harder as die lawaai van die skroef. Die verbasing op die kleintjies se gesigte is iets om te beleef toe hulle hulle ouers en die sinkhuisies daar ver onder sien. Na landing

begin hulle gesels oor wat hulle gesien het. *Ons huise lyk dan nie soos die ander huise nie.* Daar is ook 'n besef dat ander huise groter is as dié waarin hulle woon. Nadat die helikopter weg is, kom nog 'n verrassing: die geskenke wat mense, borge en instansies gegee het, word uitgedeel. Elkeen kry 'n papiersak met boeke, potlode, kleurkryt en ander items. Daar word ook blikkieskos en toiletware uitgedeel.

Baie dankie aan die skenkers: Gestetner (Paula Carvelho); 17 Eskader (Kaptein Stephan Hanekom); GalaxyWorld Menlyn (Zulpha Kandeer) en Imax (Lizette van der Merwe). Namens die skool: *Julle het ons kinders se horisonne verbreed.* Dankie aan almal wat 'n bydrae gemaak het tot hierdie omgee vir die kinders.

### • Pa-en-seun-kamp

'n Avontuurnaweek vir pa's en seuns van alle ouderdomme, op die RAU-eiland in die Vaalrivier.

**Tema:** *Verstaan hoekom ons mekaar nie verstaan nie.*

- Generasiegapings: Eenders en anders
- Hoe die makro-konteks ons waardes vorm
- Kernwaardes van verskillende generasies
- Hoe waardes ons verhoudings beïnvloed



**Datum:** 26-28 September 2008

**Koste:** R450 per persoon. Dit sluit in vervoer, alle etes, gerieflike verblyf, alle aktiwiteite en kosbare herinneringe vir 'n pa en seun.


**Kontak:** Di Deon du Toit 082 894 5751 of Petri van Rooyen 083 662 2804 om in te skryf.

• **Die Pretoria Manskonvensie** gaan op 18 Oktober 2008 by die Groenkloofkampus se Ouditorium (Universiteit van Pretoria) aangebied word.

Hierdie is 'n Christelike oggend-middag Manskonvensie om mans toe te rus met die Woord en te motiveer vir die evangelie. Die onderwerp vir die dag gaan wees: *Afhanglik van die Here.* Daar gaan sewe Woordgetroue sprekers deelneem, onder andere uit die Gereformeerde Kerke, NG Kerk en Hervormde Kerk. Middagete en tee/koffie tussen breuke gaan voorsien word.

'n Pamflet is by [www.christenkonvensies.co.za](http://www.christenkonvensies.co.za) beskikbaar.

Bespreek deur [www.computicket.com](http://www.computicket.com).



● **Gemeente Zuurfontein: Vakante standplaas: Voltydse bediening**

Die voltydse standplaas van Gemeente Zuurfontein is sedert die afsterwe van ds Chris van den Berg vakant. Ds Sanet van der Walt is in die deelydse standplaas werksaam. Die gemeente is tans besig om te besin oor die uitleef van haar roeping as kerk in 'n nuwe lewensfase en die spesifieke konteks waarbinne sy kerk wil wees. Die gemeente wil graag einde September vroeg Oktober 'n beroep uitbring en nooi geordende predikante van die Kerk wat 'n beroep na hierdie gemeente sou oorweeg om hulle name aan die skriba van die gemeente deur te gee met die oog op die samestelling van 'n groslys.

Die kerkraad sal 'n kortlys saamstel en 'n volledige uiteensetting van die profiel van die gemeente en bedieningsplan aan die predikante beskikbaar stel.

Predikante wat belangstel, word versoek om voor 15 September 2008 hulle name en kontakligting aan die skriba deur te gee.

Die Skriba  
Oudl Eddie Huggett  
Telnr: 079 895 6102  
e-pos: Eddie@smithpower.co.za

● **Gemeente Greylingstad – Predikant vir deelydse standplaas**

Aansoeke van predikante/proponente van die Kerk word ingewag vir bogenoemde standplaas.

Die gemeente het op die oomblik 85 belydende lidmate en naastenby 50 besoekpunte. Daar word een ereediens op Sondagoggend gehou. Verdere funksies wat deur die predikant verrig word, kan gereël word op 'n weklike, maandelikse of kwartaallikse basis soos deur die predikant en die kerkraad ooreengekom. 'n Buigbare situasie wat by die applikant se huidige omstandighede aanpas, word voorsien.

**Aansoeke en verdere besonderhede**

Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure asook inligting oor huidige situasie en beperkinge.

Aansoeke en navrae moet gerig word aan:

Die Skriba  
Posbus 124  
Greylingstad  
2415

Of per e-pos  
sarwipi@telkomsa.net

Verdere inligting kan van die skriba van die gemeente verkry word. Skakel Sarie Pieterse by 082 903 4336.


Sluitingsdatum: Dinsdag 30 September 2008

● **Fonds vir Gemeenteopbousubsidie**

Dit is weer tyd om aansoek te doen vir subsidie uit die Fonds vir Gemeenteopbou. Gemeentes word daaraan herinner dat aansoekvorms SLEGS na ringskribas versend word. Dit is die verantwoordelikheid van die ringskriba om die aansoekvorms te versprei aan gemeentes binne die ring wat wil aansoek doen om subsidie. Indien u as gemeente graag wil aansoek doen om subsidie, moet u asseblief u ringskriba kontak. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2008.

● **Teologiese Opleidingsfonds**

Die deurkollekte van 7 September word gedeeltelik afgestaan aan die Teologiese Opleidingsfonds.



- **Gemeente Wonderboompoort** in Pretoria rig hiermee 'n uitnodiging vir aansoeke om die volledig-versorgde vakante standplaas te vul.

Die gemeente se bedieningsplan is tans in hooftrekke gefokus op die volgende:

- Jeugbediening
- Gemeentelike instandhouding en -uitbouing
- Geestelike versorging van seniorburgers
- Hospitaalbediening

Die gemeente bestaan tans uit 690 lidmate, waarvan 570 belydend is. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou wat tot beskikking van die predikant is. Belangstellendes moet asseblief 'n bekendstellingsbrief en CV vir oorweging stuur aan: Oudle Phillip Bester by [phillip\\_bester@vodamail.co.za](mailto:phillip_bester@vodamail.co.za) en Sieg Schwarzer by [siegfrieds@telkomsa.net](mailto:siegfrieds@telkomsa.net). Verdere inligting kan ook aangevra word by bogenoemde e-posadres. Aansoeke sluit op 7 September 2008.

- **NHSV beurse en lenings 2009**

Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Lenings/beurse van die NHSV wissel van R500 tot 'n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres [nsvhoofbestuur@nhk.co.za](mailto:nsvhoofbestuur@nhk.co.za). Sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November jaarliks. GEEN LAAT AANSOEKE word aanvaar nie. Vir verdere inligting kontak asseblief die NHSV kantoor.




**Seniordal**  
*Aftree-oord*  
*'n Tuiste vir selfversorgende bejaardes*

Kieserstraat 126, Rietondale, Pretoria

GEMEENSKAPSPROJEK van  
GEMEENTE PRETORIA

- \* 58 eenhede (1-slaapkamer-, 1<sup>1/2</sup>-slaapkamer- en 2-slaapkamereenhede)
- \* Goeie ligging in Deernis/Rietondale
- \* Digby Ons Tuis, hospitale, middestad
- \* Skakel dr Paul de Beer, eiendomsbestuurder, by 082 975 7331



## ■ Bilaterale gesprek van die Moderamen met die Moderamen van die NG Kerk

Die Moderamen voer op Donderdag 4 September 'n bilaterale gesprek met die Moderamen van die NG Kerk. Die gesprek is reeds geruime tyd aan die gang en verskillende kardinale sake word aangeraak. Meer inligting sal later aan die Kerk deurgegee word.

- **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** vergader op 11 en 12 September in Pretoria vir sy gewone kwartaalvergadering.
- **Die direksie van die Kinderhuise** vergader op 10 September om 09:00.
- **Die redaksie van Konteks** vergader op 8 September om 09:00.
- **Ons Tuis se Bestuurskomitee** vergader op 11 September om 13:30.
- **Die Bestuur van Die Ondersteuningsraad** vergader op 11 September om 09:00.

## ■ Onderwysersdag: 5 Oktober 2008

Die SAOU verteenwoordig meer as 25 000 Afrikaanssprekende onderwysers, waarvan meer as 90% lidmate van die drie susterskerke is.

Op Sondag 5 Oktober 2008 word Wêreldonderwysersdag gevier. Die Afrikaanssprekende gemeenskap is nie werklik vatbaar vir die bywoning van massabyeenkomste en optogte nie. Hulle verkies 'n stemmiger professionele benadering. Daarom versoek JC Klopper, hoof- uitvoerende beampte van die SAOU, dat die Hervormde Kerk spesiaal melding moet maak van die rol en invloed van die Afrikaanse Christenonderwyser en dat die verskillende gemeentes ook tydens eredienste daarvan melding moet maak.

Die SAOU is een van die lidorganisasies van Education International ([www.ei-ie.org](http://www.ei-ie.org)), wat meer as 30 miljoen onderwysers verteenwoordig. Die tema vir 2008 is *Onderwysers maak 'n verskil*. Onderwysers maak werklik 'n verskil in die lewens van kinders, bou die waardes en norme van onderskeie gemeenskappe, en lewer voortreflike produkte vir die huidige en toekomstige arbeidsmark.

